

# JUNIOR JEUG ALPHA: Sessie 5 - Hoe en waarom moet ek bid?

## Doel van les:

- In hierdie week se les praat ons oor gebed, en hoe belangrik dit vir ons as kinders van God is om elke dag te bid.

**Ysbreker 1: Telefoontjie:** Laat elke groep in 'n ry agtermekaar staan en fluister in die agterste kind se oor 'n sinnetjie. Dit moet nou so aangestuur word totdat die boodskap by die voorste kind uitkom. Kyk watter groep die boodskap reg oorgedra het.

## Telefoontjie sinne:

- Bid sonder ophou;
- Bid oor alles;
- Gebed het groot krag.

**Ysbreker 2: Popcorn gebede:** Laat die kinders in 'n groot sirkel sit. Hulle gaan nou maak asof hulle mieliepitte is wat moet opspring en "pop" om popcorn te maak. Wanneer jy sê pop, kan hulle een-een opspring, maar die enigste manier wat hulle kan "pop" is deur, soos hulle staan, iets uit te roep waarvoor/waaroor mens kan bid. Speel die speletjie totdat almal probeer het, of totdat hulle moeg raak vir die speletjie.

## INLEIDING:

Julle het nou so mooi vir my dinge opgenoem waaroor ons kan bid, maar wie kan vir my sê wat is gebed? Dit is eintlik 'n baie maklike antwoord: Gebed is om met God te praat soos wat jy elke dag met jou ouers, boetie/sussie, juffrou of vriende praat.

Net soos jou vriende en ouers wil weet hoe jou dag was, so wag God elke minuut van die dag om te hoor hoe dit met jou gaan. Hy staan elke sekonde reg om jou te help indien jy Hom sou vra. Gebed is vir 'n kind van Jesus soos asem haal - ons kan nie sonder dit nie.

Ons gaan dan nou bietjie verder gesels oor gebed. Waarom moet ek bid? - Hoe moet ek bid? - Waarom beantwoord God nie altyd ons gebede nie?

## VRAAG 1 : WAAROM MOET ONS BID?

Kry terugvoering van die kinders. God sê vir ons op 'n klomp plekke in die Bybel, dat Hy wil hê ons moet bid, bv: 1 Tess 5:17 - bid sonder ophou.

**Ballon illustrasie:** [https://www.youtube.com/watch?v=SM\\_GFiDHs-g](https://www.youtube.com/watch?v=SM_GFiDHs-g)

Neem 'n glas, vuurhoutjie en opgeblaaide ballon. Steek die vuurhoutjie aan die brand, en gooi dit versigtig in die glas. Laat dit vir rukkie brand en soos dit amper doodgaan, plaas jy die opgeblaaide ballon oor die mond van die glas, en hou dit daar. Die ballon behoort na rukkie 'n bietjie ingesuij te word in die glas sodat jy jou hande kan afneem. Tel die glas op en die ballon en die glas sal as eenheid saam kan beweeg.

Gebed bring jou nader aan God - net soos daardie ballon en glas saam beweeg, so is jy en God dan so naby aan mekaar, en kan jy ook beter weet wat God van jou wil hê, want God wil ook met ons praat as ons net mooi wil luister.

Gebed verander dinge in jou lewe wat niemand of niks anders kan doen nie, bv. as jy iemand by die skool het wat jou die heeltyd boelie, maar jy begin bid dat Jesus die persoon se hartjie moet verander, dan voor jy jou kan kry het Jesus iets in die persoon se lewe kom doen sodat hy/sy jou nie meer boelie nie.

Daar is KRAG in gebed bv. genees siektes

## **VRAAG 2: HOE MOET EK BID?**

As jy bid is die volgende nie vir God belangrik nie: Hoe jy lyk, waar jy is, of jy sit of staan, of jy hardop of net so stil sit en bid nie. Jy kan tot God bid terwyl jy sit, kniel of staan - God hoor ons gebed - Of jou probleme groot of klein of simpel vir jou klink, jy kan enige iets vir God vertel.

Kom ons gesels ook bietjie oor hoe ons nie moet bid nie.

### **Robot illustrasie:**

Sit 'n bordjie, mes, margerien, grondboontjebotter (peanutbutter) en twee snye brood op 'n tafel neer. Kry 'n grootmens om die robot te speel. Hy/sy gaan nou 'n peanutbutter toebroodjie maak, maar slegs deur die instruksies van die kinders tot op die letter te volg. Die robot kan niks op sy/haar eie doen nie. Om die broodjie te maak, gaan die kinders baie spesifiek moet wees met hulle instruksies, bv. as die kinders net sê sit die peanutbutter op die brood, kan die robot die toe peanutbutterbotteltjie op die brood sit of probeer om met sy/haar hande te smeer omdat die kinders nie gesê het tel die mes op nie.

Verduidelik dan dat God nie wil hê wanneer ons bid, ons soos robotte moet bid nie. Hy wil hê ons moet diep uit ons hartjies uit bid, en met Hom praat soos met ons pappa en Hom als vertel. Ons moet nie net rympies opsê sonder om te dink soos 'n robot sou maak nie.

## **VRAAG 3: HOEKOM BEANTWOORD GOD NIE ALTYD MY GEBEDE NIE?**

**Aktiwiteit: Rooi liggie/groen liggie** - Laat die kinders aan die oorkant van die vertrek staan. Ons gaan nou maak asof ons by 'n verkeersrobot staan. Hou die groen lap en rooi lap of groen en rooi stuk papier in jou hande. As jy die groen lap/blaai ophou, is dit soos 'n groen lig waar die kinders nader na jou kan stap. As jy die rooi item ophou, moet die kinders stop. Die wat bly beweeg, is uitgevang.

Laat die kinders gaan sit sodra die speletjie klaar is, en al die kinders by jou uitgekom het.

Gebed is soos 'n robot, somtyds is die lig groen, en God gee jou wat jy voor vra. Ander kere is die lig rooi, God sê nee want, hy ken die toekoms en weet wat die beste vir jou is. En somtyds is die lig geel, God sê nie nee nie, hy sê net nie nou nie, en die leer ons om bietjie te wag vir die regte tyd.

In Jerm 29:11 en Jes 55:8-9 - sê ons Vader dat Hy weet wat ons nodig het, en Hy wil net die beste vir ons gee. Ons dink partykeer ons weet wat vir ons goed is, maar God ken die toekoms baie beter as ons en weet wat om vir ons te gee.

### **Handjie gebed:**

Noudat ons so baie gesels het oor gebed, wil ek vir julle 'n maklike manier van bid leer om julle te help as julle dalk sukkel om te bid. Vou julle handjies bymekaar soos wanneer julle bid.

**Duim** - Ons duime is die naaste aan ons hartjies - so kan dit ons onthou om te bid vir al die mense vir wie ons baie lief is;

**Wysvinger** - Met hierdie vinger wys ons mos na iemand of iets - dit laat ons dink aan ons onderwysers. Ons kan bid vir ons skool en onderwysers;

**Middelvinger** - Dis ons langste vinger - Dit laat ons dink aan God wat die grootste, sterkste en die belangrikste is, en ons kan vir Hom dankie sê vir alles wat Hy vir ons doen en hoe lief ons Hom het.

**Ringvinger** - Ons ringvingers is nie baie sterk nie - dit laat ons dink aan al die siek mense vir wie ons kan bid.

**Pinkie** - Dis nou die laaste vinger, maar ook belangrik - kom ons bid dan laaste vir onself.

**Aktiwiteit:** Gee vir elke kind blaai en leiers help kinders om hulle handjie te "trace" op blaai. Skryf dan by elke vingertjie die gebedspunte neer om huis toe te neem om hulle te help om te bid. **Sluit af in groepe met gebed.**

### **Telefoontjie sinne:**

- Bid sonder ophou;
- Bid oor alles;
- Gebed het groot krag.

**Telefoontjie sinne:**

- Bid sonder ophou;
- Bid oor alles;
- Gebed het groot krag.

**Telefoontjie sinne:**

- Bid sonder ophou;
- Bid oor alles;
- Gebed het groot krag.

**Telefoontjie sinne:**

- Bid sonder ophou;
- Bid oor alles;
- Gebed het groot krag.

**Telefoontjie sinne:**

- Bid sonder ophou;
- Bid oor alles;
- Gebed het groot krag.